**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersieningsnommer : 2376/2002

In die Hersiening van:

**DIE STAAT**

versus

**WILLIAM TELEKO MASHALI**

---

**CORAM:** CILLIé et WRIGHT RR
**UITSPRAAK:** CILLIé R
**DATUM GELEWER:** 12 DESEMBER 2002

---

Die beskuldigde in hierdie aangeleentheid is in die landdroshof aangekla en

skuldig bevind aan oortreding van artikel 48(1)(a) van Wet 8 van 1959 synde ontsnapping uit ‘n gevangenis. (Die oorgetikte oorkonde van die verrigtinge dui aan dat die skuldigbevinding aan oortreding van artikel 51(1) van Wet 51 van 1977 was maar die oorspronklike handgeskrewe klagstaat moet seker in hierdie verband as die korrekte aanvaar word.) Die getuienis dui aan dat die beskuldigde ontsnap het uit ‘n gevangenis waar hy ‘n gevonnisde prisonier was.

Die posisie is egter dat artikel 48(1)(a) van Wet 8 van 1959 vervang is deur artikel 177 van Wet 111 van 1998 wat in werking getree het op 19 Februarie 1999. Die twee artikels skep egter presies dieselfde misdryf wat deur dieselfde tipe getuienis bewys moet word. Indien die beskuldigde uit die staanspoor van die korrekte meer resente wetsartikel aangekla was, val dit moeilik in te sien dat die Staat se getuienis en die beskuldigde se verdediging enigsins anders aangebied sou gewees het. Die Staat se getuienis dui aan dat die beskuldigde wat ‘n vonnis van 22 jaar gevangenisstraf moes uitdien, terwyl hy uit was met ‘n werkspan, verdwyn het. Sy verweer wat tereg deur die landdros verwerp is, was dat hy toestemming deur ‘n bewaarder gegee was om maar te loop.

‘n Verandering van die wetteregtelike bepaling waaraan die beskuldigde skuldig bevind is, hou geen nadeel vir hom in nie aangesien die getuienis wat nodig is om die vervangende bepaling te bewys reeds op rekord is. Vergelyk **STAAT v DLADLA** 1975(1) SA 762 (T).

My dank aan Adv S Giorgi van die kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings: Vrystaat vir ‘n memorandum wat van hulp was en waarin met tipiese vroulike noukeurigheid ook aan my uitgewys word dat die oorspronklike klagstaat verskil van die oorgetikte weergawe in dié opsig soos hierbo uiteengesit, synde ‘n omstandigheid wat nie aanvanklik deur my of die verhoorlanddros na wie die hersiening vir sy kommentaar verwys was, raakgesien was nie.

Vanweë die redes voormeld, word die skuldigbevinding verander na een van oortreding van artikel 117 van Wet 111 van 1998. Origens word die verrigtinge bekragtig.

**CB CILLIé, R**

**EK STEM SAAM:**

**GF WRIGHT, R**